12

JAARGANG 23 | 22 AUGUSTUS 2025

KONINKRYKSTYD



# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk
Vrystaat



# Celicia McLean
# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Maryna van Wyk
Leon M Foot | Enrico Casaleggio
Andries Gous | Lyzette Hoffman
Martin Schwella, *Schink Publishing*
*Kerkbode* | *Bybel-Media* | *CLF* | *Engo*
*LiG-tydskrif* | *Bybelgenootskap SA*

## KONINKRYKSTYD

In Koninkrykstyd vier ons die heerskappy van Jesus as die Here, wat regeer op aarde. Ons dink ook daaraan dat Jesus sy dissipels uitgestuur het na die wêreld om sy Koninkryk uit te leef. Daarom is die seilboot 'n belangrike simbool, omdat dit dui op Jesus wat sy dissipels (die kerk) die wêreld in stuur. Ons verantwoordelikheid om die aarde te versorg asook geestelik te groei, is ook prominente temas in dié tyd en daarom is die kleur groen simbolies vir Koninkrykstyd, sowel as 'n aardbol (ekologie) en 'n boom (groei).

*Oorgeneem uit 2020 Dink Jeug*

## DAGBOEK DÍT

**Gerontologie Netwerk**
*GRATIS* - ***Gemeente, bedien en benut jou seniors!***
27 Augustus | NG Gemeente Heuwelsig

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 5 September**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

VISIONERING
**Mariëtte Odendaal** | *160 Geseënde jare van Kerk-wees: Eertydse sinode-voorsitter, ds Helgard Janse van Rensburg, vertel ...*

## ARTIKELS 05

**05** | VISIONERING | Vrouebediening
**Maryna van Wyk** | *Menuha vroue-"retreat"*

**06** | DIENS VAN BARMHARTIGHEID
**Mariëtte Odendaal** | *Komberse teen die winter-koue - Smithfield help in nood*

**07** | BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Leon M Foot** | *Didasko, 'n lerende gemeenskap*

**09** | VENNOTE IN GETUIENIS | RICD
**Mariëtte Odendaal** | *Setshabelo Jeugsorgsentrum – 'n plek van veiligheid vir ons kosbare kinders*

**10** | VENNOTE IN GETUIENIS | Islam
**Enrico Casaleggio** | *Die verskille tussen die Christen-dom en Islam vasgevat in tabelvorm | Nr 1*

**11** | VENNOTE IN GETUIENIS | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

**12** | VENNOTE IN GETUIENIS | Kopanong-bediening
**Mariëtte Odendaal** | *Uitreik na Lesotho verryk verhoudings*

**14** | ALGEMEEN
**Enrico Casaleggio** | *Verskeie kerke hou saam basaar in suide van Bloemfontein*

## UIT DIE FAKULTEIT 15

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Lyzette Hoffman** | *Geloofsvorming en teologiese studie*

## MEDIATEEK 18

**CLF - Coenraad Brand** | *Boompie Alleen. Herinneringe van 'n Sendinggesin.*

## BLÊR-REEKS 2 19

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | *9. Tjoppie se geheim*

## VERJAARSDAE 21

## EKOLOGIE 22

**Internasionale Dag teen Kernwapentoetse** | *Jaarliks op 29 Augustus*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 23

**23** | CLF-pamflette
**24** | Advertensies

## VBO-GELEENTHEDE 26

## KERKBODE BROKKIES 28

## WAT'S NUUS? 30
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 31

**Maryna van Wyk** | *Die tydlose krag en sagtheid van 'n vrou*

## KONTAK ONS 32




# 160 Geseënde jare van Kerk-wees

*Eertydse sinode-voorsitter, ds Helgard Janse van Rensburg, vertel ...*



**VISIONERING**
*Mariëtte Odendaal*

Vanjaar vier ons die 160ste bestaansjaar van die Vrystaat Sinode; 'n besondere voorreg omdat dit vir ons as Christene al vir meer as 'n eeu en 'n half deur oorloë, droogtes en vele ander lewenskrisisse en sosiale kwessies help dra het.

Om werklik Kerk te wees en leiding oor geslagte heen aan duisende kerkleiers en gemeentelede te kon help gee, was dit nodig om ervare mense met diep insig en wysheid aan die stuur van ons sinode te kon hê.

Ons het met vyf van ons vorige sinodevoorsitters wat nog leef, gaan gesels om te hoor oor hoe hulle hierdie uitdagende taak in hul onderskeie termyne beleef het. Ons eerste gesprek was met **prof Pieter Potgieter**, sinodevoorsitter van 1987 en 1995, asook van die Algemene Sinode van 1994. Ons tweede gesprek was met **prof Piet Strauss**, voorsitter van die NG Kerk Sinode Vrystaat in 1999 en 2005, asook die voorsitter van die Algemene Sinode in 2007.

Ons derde gesprek was met **dr Lourens Erasmus** wat die voorsitter van die NG Kerk Sinode Vrystaat en moderamen was vanaf 2003 tot 2005. Ons vierde gesprek was met **dr Pieter van Jaarsveld** wat as voorsitter van die moderamen van die Vrystaat gedurende drie termyne gedien het, naamlik van 2008 tot 2009, daarna van 2009 tot 2013 en toe weer van 2017 tot 2022.

Ons vyfde gesprek is met ds Helgard Janse van Rensburg wat van 2014 tot 2017 voorsitter van die sinode en moderamen was.

Nadat hy in 2013 as assessor verkies is, is hy in 2014 aangewys as voorsitter van die moderamen en van die twee buitengewone sinodevergaderings wat gehou is op 29 Julie 2014 en 17 Maart 2015.

**Lees** meer »

NG Kerk Vrystaat

# 160

JAAR VAN LIG IN DUISTERNIS



## GEES | RUS | LEEF

Esegiël 37:14

“My **Gees** in julle,
en in julle, **lewe**; en in
julle land, **rus**.”

NG Kerk Vrystaat



**VISIONERING**
Vrouebediening
*Maryna van Wyk, vryskutjoernalis*

**Foto's**: *Menuha (verskaf deur Maryna van Wyk)*



# Vroue-*retreat*
## Menuha





Dit is Vrouedag 2025 en skuins voor sewe by die Menuha *retreat*-sentrum buite Bloemfontein. Die oggendlig vorm reeds 'n kleur-*collage* wat oor die Vrystaatse vlaktes deurbreek. Dit, terwyl 17 vroue van verskeie NG-gemeentes in die provinsie afsonderlik besig is om in stilte die dag in God se teenwoordigheid te begin.

Aan die stuur van die vrouenaweek, aangebied deur die NG Kerk Vrystaat se Vrouebediening, is Magdaleen du Toit, 'n oud-Vrystater en voormalige sameroeper van die Spiritualiteit-netwerk van die NG Kerk Vrystaat. Die tema van die naweek-*retreat* was "Wees stil en weet ..." - Psalm 46:11.

'Wees stil' is gelaaide woorde, sê Magdaleen tydens Vrydagaand se eerste sessie terwyl sy die vroue lei om stilwordtegnieke aan te leer. Sy sê die stilte van die naweek-sessies het ten doel om die vroue te help om nader aan die Here te beweeg en om Hom in stilte in die natuur op te soek. Bid en vra: "Here maak my leeg van myself sodat ek met U gevul kan word."

Magdaleen het die vroue geleer hoe belangrik asemhalingstegnieke is om rustig te raak en die stil plek in jou eie binneste te bereik waar God op jou wag. Die fokus tydens die stilword- en lofsangsessies in die kapel was op diep asemhaling en oorgawe aan die Here. Die sang is deur Ella Kotze en haar dogter, Ellané, gelei.

Magdaleen sê die waarde van stilte as geestelike dissipline is om die mens nader aan God te bring, innerlike vreugde te bevorder en geestelike insig te verdiep. Stilwees is 'n teenmiddel vir die raserige, gejaagde lewe en bring balans vir die herstel van liggaam en gees. Dit leer 'n mens geestelike dissipline om eerder te luister as te praat.

**Lees** meer »

# Komberse teen die winterkoue

## *Smithfield help in nood*




***Foto:** 'n Lidmaat met haar nuwe kombers (verskaf)*

*Daar was 'n oorweldigende gevoel van dankbaarheid. 'n Vrou wat terminale kanker het, het ná die tyd gesê: 'Ek vou die kombers om my en klim net so in die bed – dit voel vir my of die sagtheid van die kombers my toevou en vertroos.'*

***Ds Hennie van Wyk***
***Leraar: NG Gemeente Smithfield***

Wat is nou saliger as om toegewikkel in 'n warm kombers, snoesig langs 'n kaggelvuur, jou koffie te drink en 'n boek te lees terwyl die wind buite om die hoeke van jou huis loei?

Almal is egter nie so gelukkig nie – dit weet ons maar alte goed. Daar is duisende mense wat jaarliks sukkel om ons land se ongenaakbare winters te oorleef omdat hulle as werkloses of as bejaardes geen ekstra inkomste meer verdien om die pot aan die kook te hou nie, wat nog te sê om die luukse van komberse te kan bekostig.

As jy wat meer het, dan met sagte oë na hierdie mense begin kyk, maak jy 'n plan; presies dit wat die NG Kerk Smithfield gedoen het. Ons het meer daaroor by hul predikant, ds Hennie van Wyk, gaan uitvind.

### Hennie, hoe het dit gebeur dat jul gemeente besluit het om 'n kombersprojek te loods?

"Ons gemeente bestaan uit agt wyke. Vyf daarvan is plaaswyke, twee is dorpswyke en dan is daar die Rietpoortwyk wat hoofsaaklik uit 'n bruin gemeenskap bestaan.

"Soos die meeste van ons plattelandse dorpe is hier baie armoede, en werkloosheid vier hoogty. Ons gemeente beplan al geruime tyd om 'n projek in die Rietpoortwyk van stapel te stuur, omdat ons die nood daar raaksien. Daar is ook baie bejaardes wat net hulle SASSA-toelaag as bron van inkomste het, en die nood is groot. Buiten hierdie oorlewingsuitdaging word Smithfield ook besonder koud. Ons het al in hierdie winter meer as twee keer die koudste temperature in die land gemeet.

"Nadat ds De la Harpe le Roux, die uitvoerende amptenaar van ons sinode se Diens van Barmhartigheid, die Rietpoortwyk besoek het, het hy die groen lig vir ondersteuning aan ons projekgedagte gegee en is daar besluit om hierdie gemeenskap te help; ons sou 'n kombersprojek loods.

Lees meer »

*Dr Leon M Foot*

# Didasko

Die afgelope Dinsdag 19 Augustus 2025 was 'n vreugdevolle dag in die Vrystaat. Op hierdie dag het Didasko amptelik die lig gesien.

Didasko is die handelsnaam waaronder VBO in die Vrystaat voortaan aangebied gaan word. Die Griekse woord, *didasko,* beteken om te leer. En dit is wat Bedieningsbegeleiding wil doen: Om leraars te kry om self te leer en om ander te leer.

Didasko het afgeskop met nie net een nie, maar sommer twee VBO-geleenthede. Die oggend het 'n Sentrum vir Predikantebegeleiding (Fase 1) begin met vier deelnemers en agt begeleiers.

Hier is leraars se gedragsbekwaamhede opgeskerp deur rolspel en gevallestudies. Later die aand was daar ook die eerste van vier aanlyn-geleenthede. Prof Marius Nel het die eerste aanbieding gelwer in die reeks oor verantwoordelike hermeneutiek in die 21ste eeu. Sy tema was *Ingenooi in die eeue-oue gesprek met en oor God se verbondstrou*. Daar was 39 deelnemers by hierdie geleentheid. Oor die volgende drie Dinsdae is daar weer aanbiedings in hierdie reeks. Hierdie aanlyn-byeenkomste is almal gratis.

Kyk uit vir die Didasko-logo - opwindende geleenthede lê voor.

**Loer** hier »



Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

3 VBO-punte
VBO TAAKSPAN

bied **GRATIS** aan

# Gemeente, **bedien en benut** jou **seniors**!

Die noodsaak en praktyk van 'n **seniorbediening** in die kerk vandag



Prof Kobus Schoeman

**27** | **Augustus** 2025 | **09:00 - 12:30** **3 x VBO**



Dr Petrus Moolman

## NG Gemeente Heuwelsig

Gilles van de Wall Straat 17, Dan Pienaar,
Bloemfontein, 9301

**Skakel aanlyn in by** tinyurl.com/5yb8xwse

**WhatsApp "JA"**
om te **RSVP** voor **20 AUG**

**082 783 0730**

**Foto:** *Bestuurder van die sentrum, Ivy Monakane (verskaf)*



**VENNOTE IN GETUIENIS**
RICD
*Mariëtte Odendaal*

# Setshabelo Jeugsorgsentrum

## 'n plek van veiligheid vir ons kosbare kinders

In 'n wêreld waar die mens toenemend sukkel om kop bo water te hou, regerings al hoe meer korrup word en verbrokkelde gesinstrukture om verskeie redes toeneem, skep dit wêreldwyd vir miljoene kinders 'n onmenslik wrede en harde werklikheid waarmee hulle van kleins af moet probeer oorleef.

Daarom is dit 'n riem onder die hart wanneer jy hoor van instansies soos die Setshabelo Jeugsorgsentrum in Botshabelo. Ons het met Elbie Conradie, ontwikkelingsbeampte van die *Reformed Initiative for Community Development* (RICD), wat onder andere ook hierdie jeugsorgsentrum bestuur, gaan gesels.

### Elbie, vertel vir ons meer van die Setshabelo Jeugsorgsentrum.

"Dit het ontstaan as 'n plek van veiligheid vir kinders wat versorging nodig gehad het.

"Die eerste kind wat opgeneem is, was Roelien wat 'n baie jong, gedragsmoeilike kind was. Geen ander jeugsorgsentrum of instansie wou haar (weens haar moeilike gedrag) akkommodeer nie. Hierdie tuiste sou vir haar 'n plek van veiligheid en sorg bied.

"Die goeie nuus is dat die jeugsorgsentrum nou al vyftien seuns en dogters tussen die ouderdomme van 9 en 16 huisves. Die kinders roteer gereeld, aangesien hulle weer, sodra die omstandighede by die huis verbeter het, met hul families herenig word; iets waarop baie sterk gefokus word.

"Tans werk daar 14 personeellede by die kinderhuis. Dit bestaan uit ons bekwame algemene bestuurder, Ivy Monakane, wat al daar begin werk het net nadat die jeugsorgsentrum oopgestel is. Sy is ook verantwoordelik vir die fondsinsamelings, wat die kook van etes vir groot groepe insluit.

"Ons maatskaplike werker is Puleng Lekeka en dan is daar ook vier jeugwerkers, vier sekuriteitsbeamptes wat in skofte werk, sowel as twee kokke, 'n tuinier en 'n motorbestuurder."

**Lees** meer »

*Dr Enrico Casaleggio*

# ISLAM

## Die verskille tussen die Christendom en Islam vasgevat in tabelvorm | Nr 1

Die doel van hierdie reeks artikels is om lidmate op so 'n manier aan Islam bekend te stel dat hulle 'n goeie begrip van dié godsdiens het en daarom ook in staat sal wees om die Evangelie op 'n sinvolle manier met Moslems te deel. Soms help dit op hierdie roete om net 'n breër prentjie te kry van die gesprek waarmee jy besig is. Een van die maniere om dit reg te kry, is om 'n paar sake te vergelyk en in 'n tabelvorm te bestudeer. In die volgende paar aflewerings is dit waarmee ons ons gaan besig hou.

Dit is belangrik om te onthou dat beide die Christendom en Islam komplekse godsdienste is met uiteenlopende interpretasies en praktyke onder hul volgelinge. Hierdie tabel bied 'n vereenvoudigde oorsig en dek nie al die teologiese nuanses en variasies binne elke geloof nie.

**DIE VERSKILLE TUSSEN DIE CHRISTENDOM EN ISLAM, NR 1**

| ASPEK | CHRISTENDOM | ISLAM | VERWYSING BYBEL | VERWYSING KORAN |
|---|---|---|---|---|
| Natuur van God | Glo in die Drie-Enige God. God is drie Persone (Vader, Seun en Heilige Gees) in een Wese | Streng monoteïsme. Allah is een en onverdeelbaar | Matteus 28:19 | Surah 112:1 |
| Jesus Christus | Jesus is die Seun van God, die tweede Persoon van die Drie-Eenheid en self God | Jesus (Isa) is 'n profeet, 'n boodskapper van God, maar nie God nie | Johannes1:1,14 | Surah 4:172 (Jesus as profeet) |
| Geskrifte | Die Bybel is die geopenbaarde en geïnspireerde Woord van God. Dit bestaan uit die Ou en Nuwe Testament | Die Koran is 'n heilige geskrif, die letterlike woord van Allah, soos aan Mohammad geopenbaar | 2 Timoteus 3:16 | Surah 2:2 (Koran as gids) |
| Verlossing | Verlossing is deur geloof in Jesus Christus as Verlosser wat gesterf het vir die sonde van die mensdom (meer spesifiek die uitverkorenes) | Verlossing kom deur onderwerping aan Allah se wil, goeie dade en die nakoming van die Vyf Pilare van Islam | Efesiërs 2:8,9 (Verlossing uit genade, deur geloof) | Surah 23:102-103 (verlossing deur werke) |
| Profete | Profete is boodskappers van God. Jesus Christus is die finale profeet en grootste openbaring van God | Profete is boodskappers van Allah. Mohammad is die finale profeet | Hebreërs 1:1-2 (Jesus is die finale en grootste openbaring) | Surah 33:40 (Mohammad is die finale profeet) |

*Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Hierdie artikel handel oor die verskille tussen die Christendom en Islam. Dit is die eerste van 'n paar in tabelvorm.*

**Lees meer** »

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

# DEGNOS-dinge

Liewe vriende van DEGNOS

## Besoekers uit die VSA

Ons het 'n besonder geseënde besoek gehad van die TVCC-gemeente uit Tennessee in die VSA. Die DEGNOS- en NG Tsumkwe-span het bestaan uit Alex, Frankie, Kamashe en ds Leviet. Saam het ons die Tsumkwe-gemeente se buitepunte een ná die ander besoek.

Ons het by sowat 12 Habitatte uitgekom waar die Evangelie-boodskap onder bome aan gewillige aanhoorders verkondig is. Daar was vele besondere oomblikke waar die besoekers en die aanhoorders diep getref is deur die boodskap van Goeie Nuus.

Ons het ook 'n wonderlike besoek afgelê in die Wildevy-gemeente op Oerwoud en Tsintsabis, en in die Luhebu-Noord-gemeente is ons verras deur 'n groep kinders wat spontaan in die kerk bymekaar gekom het en ons bedien het met pragtige sang. Die vrug op die werk van ds Amon, ds Isak, Mishe, Visser en al die ander getroue medewerkers onder die jeug was wonderlik om te beleef.

## Films trek die jeug

Op Tsumkwe is daar vir vier aande 'n film gewys – eers die Jesus-film en daarna die opvolgreeks genaamd "Walking with Jesus". Elke aand was die kerk stampvol met kinders. Ons het geen toegang tot die skole in Mangetti Duin en Tsumkwe nie en ons het maniere nodig om die kinders na die kerk te trek!

Ek begin daarvan droom dat ons vir die twee gemeentes – Tsumkwe en Mangetti Duin – elkeen elektroniese visuele hulpmiddels (TV en Internet-toegang) kan voorsien.



***Foto (verskaf):*** *Die span uit Tennessee saam met die Degnos-/Tsumkwe-span by die Groot boom op N#ama*

Soos een van die wyse ouderlinge op Tsumkwe gesê het: "Dit trek die kinders en die kinders trek die grootmense."

*Bid asseblief saam met ons vir wysheid aangaande hierdie saak en dat die Here vir ons die pad vorentoe sal wys.*

### Spesiale gebedsversoeke

- Ou Parata, ons getroue medewerker en planter van die Omatako-gemeente, is baie siek.
- Die ontwikkeling van 'n Rentmeesterskap-opleidingsprogram om uit te rol na alle bedieningsareas.
- Maria Gevers, die weduwee van ds Josef Gevers, sukkel met 'n seer rug en knie wat haar beweeglikheid belemmer en dit moeilik maak om in haar groentetuin te werk.

**Lees** meer »

**VENNOTE IN GETUIENIS**
Kopanong-bediening
*Mariëtte Odendaal*

"Van die mees besondere oomblikke was saans wanneer ons saam met die plaaslike predikant om die vuur gesit en al geselsend kosgemaak het."

*Ds Wouter van Velden*
*Leraar van die Kopanong-bediening*

Vir meer as 'n dekade al reik die Kopanong-bediening in Bloemfontein jaarliks tydens die wintervakansie uit na ons geloofsfamilie in Lesotho; 'n onontbeerlike blootstelling wat wedersydse inter-kulturele begrip vir mekaar help vorm.

# Uitreik na Lesotho verryk verhoudings

Vanjaar het 'n groepie van agt, waarvan een 'n teologiestudent was, vanaf 23 Junie tot 3 Julie weer die langpad soontoe gevat en weereens verryk teruggekom. Ons het meer hieroor gaan uitvind by ds Wouter van Velden, leraar van Kopanong, wat ook op die uitreik was.

**Wouter, hoe het die groep die uitreik ervaar en watter plekke het julle alles besoek?**

"Vir sommige van die jongmense was dit hulle eerste ervaring van so 'n uitreik. Hulle was vir langer as 'n week weg van hul huis op besoek in 'n ander land en moes vinnig aanpas in effens meer uitdagende omstandighede as waaraan hulle gewoond is.

"Ons het drie plekke besoek, naamlik die Lesotho Evangelical Church in Southern Africa (LECSA) seminarium in Morija, die Farming God's Way-opleidingsplaas naby Maphutseng en die gemeente in Qomo-Qomong.

"Morija was al redelik heuwelagtig, maar by Maphutseng en Qomo-Qomong was ons omring deur die majestueuse berge wat so eie aan Lesotho is. Ons het asemrowende sonsopkomste en -ondergange gesien met die sonlig wat so teen die berge val. Die sneeu op die spitse het dit nog meer aanskoulik gemaak.

Lees meer »

**Foto:** *Lesotho-uitreik (verskaf)*




PROGRAM
REGISTREER HIER
Sendingkonferensie
20 September 2025
Die eindes van die wêreld op my voorstoep.
Geopende Deure
NG Kerk
Vrystaat
Pellissier
Gemeente

**ALGEMEEN**
Leraar van NG Gemeente Fichardtpark
*Dr Enrico Casaleggio*

# Verskeie kerke hou saam basaar in suide van Bloemfontein

*Waar tafels kreun onder tuisgebak se geur,*
*en hande saamwerk in diens en seën,*
*daar groei gemeenskap*
*soos wingerd in sonlig –*
*elkeen 'n loot,*
*verbind in geloof se gloed.*
*Kinders lag, oumas bid,*
*en liedere vul die lug –*
*'n fees waar hemel en aarde*
*mekaar ontmoet.*

Dit is sommer 'n paar reëltjies wat ek geskryf het na aanleiding van 'n wonderlike basaar wat 'n hele aantal kerke in die suide van Bloemfontein saam op 1 Augustus gehou het. Uit NG-geledere was daar Fichardtkruin, Fichardtpark, Fauna, Hospitaalpark, Pellissier, Brandfort, Lig Gemeente en Uitsig. Ander kerke wat hierby betrokke was, is Therapea Volle Evangelie Kerk, Lede in Christus, die Hervormde Kerk Bloemfontein-Wes en Gereformeerde Kerk Bloempark.

ENGO, Ons Kinder- en Gesinsorg en die Bybelgenootskap het ook stalletjies daar gehad. In Psalm 133:1 lees ons woorde wat die feestelikheid en eensgesindheid van dié kerke mooi saamvat: "Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon!"

Hoewel hierdie geleentheid, wat jaarliks op Altonapark in Fichardtpark aangebied word, in die eerste plek 'n geleentheid bied vir die kerke in die suide van Bloemfontein, is ander kerke ook welkom om deel te word van hierdie basaar.

**Foto:** *Suide-basaar (verskaf)*



Dit bevorder 'n positiewe gemeenskapsgees deur mense van verskillende agtergronde saam te bring in 'n atmosfeer van vreugde en samehorigheid. Daarmee saam bied dit 'n geleentheid vir die kerke om fondse in te samel vir liefdadigheid, sendingwerk of plaaslike projekte wat 'n verskil maak. Mense van verskillende ouderdomme werk en kuier skouer aan skouer saam. Kinders en jongmense leer hier waardevolle lewensvaardighede soos diensbaarheid, spanwerk en verantwoordelikheid deur hul betrokkenheid.

Die basaar was deur en deur 'n kerklike fees wat ons geloofsverbondenheid versterk het deur 'n ruimte te skep waar aanbidding, dankbaarheid en vreugde natuurlik saamgevloei het met die reuk en smaak van goeie kos.

**Lees** meer »

Nagraadse Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Geloofsvorming en teologiese studie

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



***Dr Lyzette Hoffman**, uitvoerende redakteur van "Acta Theologica" en Dekaanskantoor van die Fakulteit Teologie en Religie, UV*

Studente meld vanuit verskillende agtergronde vir teologiese studie aan. Sommige wil eendag voltyds in die bediening staan, ander wil by 'n nie-regeringsorganisasie (NRO) gaan werk, nog ander oorweeg dalk om navorsing te doen of in die akademie in te gaan. Wat teologiese studie egter anders as ander studierigtings maak, is die feit dat dit aan jou "binnekant" ook verander.

Studente leer nie net oor die Bybel, teologiese begrippe, antieke tale en praktiese vaardighede in die bediening nie. Hulle vorm hulle denke oor die "Gans Andere", word in die proses gevorm in dit wat hulle glo en hoe hulle glo. Sodat hulle weer ander op hierdie ontdekkingstog kan lei.

Een van die modules in die tweede jaar, "Geloofsvorming", wil studente begelei om persone van alle ouderdomme te help om in hulle geloof te groei. Die studente leer onder meer van Ontwikkelingsielkunde, teorieë oor Ervaringsgerigte Leer, Fases van Geloofsvorming en die Teologie van Jeugbediening. Studente het geleer van groepwerk terwyl hulle as groepe 'n Bybelles moes uitwerk aan die hand van Kolb se leersiklus.

Die oomblik van waarheid het aangebreek met die aanbied van daardie Bybelles aan hul klasmaats. Hoeveel punte sal hulle toeken vir julle kommunikasievaardighede? Is julle lesplan bruikbaar vir die bepaalde ouderdomsgroep wat julle gekies het?

Hoewel die studente uit verskillende agtergronde en spiritualiteite kom, bied modules soos hierdie geleentheid om ook in jou eie geloof te groei. As teologiese student word jou geloof gevorm deur nuwe kennis, mede-gelowiges op jou pad, ervarings in jou lewe.

Geloofsvorming is 'n reis. 'n Voortgaande reis en ontdekking – ook wanneer jy klaar is met jou amptelike teologiese studies en geseënd genoeg is om in die bediening te beland. Mag ons reis nooit ophou nie!

**Lees** hier »

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**2-4 September** eMseni Christelike Sentrum, Benoni

# Slypskool vir Skrywers 2025

Kom skryf en leer saam met ander kreatiewes oor vanjaar se tema: **Die rol van diensleraars in die NG Kerk**

**R3 600** per persoon (verblyf en etes ingesluit)

**30 VBO-punte** vir bywoning

**Aanbieders en gassprekers**

**Taakspan Navorsing:** Prof Cobus van Wyngaard, dr Suzanne van der Merwe, dr Pieter van der Walt en ander.

Le Roux Schoeman (redakteur: **Kerkbode**), Khuthalani Khumalo (media-kennner).

Aansoeke: Stuur 'n e-pos met 'n kort motivering van hoekom jy wil bywoon na Riata Nel via riata@kaapkerk.co.za

NG Kerk Vrystaat | SCHINK | JONK | CLF Publishers Uitgewers


**R150 per boek**

# DIE VERLORE SKAPIE

BLÊR


deur MARTIN SCHWELLA






## Die Verlore Skapie

https://shop.clf.co.za/product/die-verlore-skapie/




## The Lost Little Lamb

https://shop.clf.co.za/product/the-lost-little-lamb


# BOEKE NOU AANLYN TE KOOP

NAVRAE | skakel@ngkvs.co.za

# BOOMPIE ALLEEN

## Herinneringe van 'n Sendinggesin

**Coenraad** Brand




*Boompie Alleen – Herinneringe van 'n Sendinggesin* is 'n bundel herinneringe en vertellings uit die lewe van die Brand-gesin, wat oor verskeie dekades op die sendingveld van Suid-Rhodesië (vandag Zimbabwe) gewoon en bedien het. Hierdie boek vertel nie net van hul werk nie, maar van hul lewe — hul drome, opofferings, uitdagings en diepgewortelde geloof.

Die titel verwys na die beeld van 'n "boompie alleen": 'n boom wat, al staan hy alleen en skeef in die wind, steeds bly groei. Só het die Brand-gesin — en ander sendelinggesinne — hul roeping geleef: soms stil en ongesien, maar altyd getrou en geanker in God se genade.

Dit is 'n geleefde geskiedenis: eerlik, soms onvolledig, maar altyd deurdrenk van ervaring en geloof. Dit is ook 'n gesinsverhaal — van kinders wat grootword op die sendingveld, van ouers wat balanseer tussen verlange en verantwoordelikheid, van geloof wat sigbaar word in alledaagse keuses.

Daar is ook dagboekinskrywings en oorspronklike aanhalings in die taal van die tyd — soms vreemd of ongemaklik vir vandag se leser, maar bewustelik behou vir die eerlikheid en outentiekheid daarvan. *Boompie Alleen* is 'n stem uit die verlede wat vandag nog aanklank vind — 'n getuienis van hoe geloof, roeping en liefde vir God mense dra oor grense van tyd, plek en kultuur heen.

CLF PUBLISHERS UITGEWERS

KATALOGUS

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# Die Verlore Skapie

Blêr

deur Martin Schwella

## Tjoppie se geheim

“Dit was ’n sonnige dag in Blêrfontein, en Leon het besluit om vir Tjoppie te gaan soek. Hy stap vrolik deur die strate totdat hy Tjoppie hoor sing:
“Blêr! Skud jou wolle rond!” Maar Tjoppie klink geïrriteerd.

Toe Leon nader kom, sien hy iets snaaks: Tjoppie sit op die grond met een poot agter sy rug. Sy ander poot hou breipenne vas, en hy is vasgemaak in baie wol. Leon stop, draai sy koppie skuins en vra:
“Tjoppie, wat doen jy? Dit lyk of jy in ’n wolgeveg was!”

Tjoppie sug. “Ag, Leon, ek kan nie sê nie! Dis ’n geheim.”
“’n Geheim? Lyk vir my jou geheim het jou gevang!” lag Leon.
“Man! Blêr! Help my net!” roep Tjoppie ongeduldig.

Leon spring in en help Tjoppie om al die wol van hom af te haal. “Reg, nou kan jy sê. Waarmee was jy besig?” vra Leon nuuskierig.

Tjoppie kyk skaam na Leon. “Ek wou truie brei vir diere wat nie sulke lekker wolle soos ons het nie, sodat hulle ook warm kan bly in die winter.”
“Dis ’n wonderlike idee! Maar hoekom wou jy dit ‘n geheim hou?” vra Leon.

Tjoppie antwoord ernstig: “In Matteus 6 staan daar dat ons nie moet spog met ons goeie dade nie. Dit moet tussen ons en die Herder bly.”
Leon knik, maar hy verstaan nog nie heeltemal nie. “Goed, maar hoekom het jy dit met een poot probeer brei, my blêr? Dit lyk of jy sushi eet!” grap hy.

Tjoppie vervies homself. “In Matteus 6 staan ook dat jou regterhand nie moet weet wat jou linkerhand doen nie. Daarom het ek my een poot agter my rug gehou!” sê Tjoppie trots.

Leon begin lag, en lag so hard dat hy amper nie kan ophou nie. “Ek is jammer, Tjoppie,” sê Leon tussen sy lagbuie deur, “maar jy verstaan daardie vers verkeerd. Dit beteken nie jy moet met een poot brei nie! Dit beteken net dat jy nie goeie dade moet doen om ander se aandag te trek nie. Ons moet dit vir die Herder doen.”

Tjoppie bly stil, dink ’n oomblik, en toe begin hy lag. “Ooo, nou verstaan ek! Ek het alweer bietjie te letterlik gedink!”

Leon glimlag. “Kom ons gaan vra vir Juffrou Katryn Kat om ons altwee behoorlik te leer brei. Sy is mos die beste.”

Leon het aangebied om deel te wees van Tjoppie se plan en hulle twee gaan klop toe aan by Juffrou Katryn Kat, en sy lag lekker toe sy hoor van Tjoppie se “een-poot-tegniek.” Sy wys hulle hoe om reg te brei, en daardie winter het Leon en Tjoppie elkeen ’n hele paar truie gebrei vir diere in nood.

Hulle het die truie in stilte gaan aflewer, en niemand het ooit geweet wie dit gebrei het nie. Maar Leon en Tjoppie het geweet: hulle het dit vir die Herder gedoen.



Die Verlore Skapie

**Luister hier**:

*Blêr | Ek behoort aan Jesus*

**Lees** meer »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## AUGUSTUS

24 – Dr Lyzette Hoffman, UNIVERSITASRIF

24 – Ds Johnny van Zyl, HOBHOUSE

25 – Ds Rikus Hattingh, PELLISSIER

25 – Dr Nico Mostert, SINODALE KERKKANTOOR

26 – Ds Zak Scholtz, WOODLAND HILLS GEMEENSKAPSKERK

31 – Mnr CP Prinsloo, MOOIGENOEG & BAREND WESSELS

## SEPTEMBER

01 – Ds Stoffel Hellmuth, ONZE RUST

03 – Ds Santel Malan, HEUWELKRUIN

04 – Ds Jan Lubbe, BERG-EN-DAL & MODERATOR




# Kernwapen-toetse

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## INTERNASIONALE DAG TEEN KERNWAPENTOETSE

As jy dalk al op besoek was aan die **Hiroshima Peace Memorial Museum** in Japan, of die film **Oppenheimer** gesien het wat handel oor die lewe van J Robert Oppenheimer, teoretiese fisikus, wat die eerste kernwapens gedurende die Tweede Wêreldoorlog help ontwikkel het, sal jy besef hoe vernietigend 'n kernoorlog kan wees.

In 'n wêreld waar tegnologiese vooruitgang dikwels vinniger beweeg as ons vermoë om die gevolge daarvan te bestuur, herinner kernwapentoetse ons aan die gevaar van menslike selfvernietiging. As gelowiges kan ons nie ons oë sluit vir die verwoesting wat sulke toetse veroorsaak nie – nie net vir die mens nie, maar vir God se hele skepping. Die Internasionale Dag teen Kernwapentoetse roep ons op om die nalatenskap van hierdie toetse onder die loep te neem, en ons te beywer vir 'n wêreld waar vrede, en nie selfvernietiging nie, die laaste woord het.

Die kern-era het op 16 Julie 1945 afgeskop toe die VSA die eerste suksesvolle kernwapentoets, genaamd Trinity, in Los Alamos, Nieu-Mexiko, uitgevoer het. Sedertdien is daar wêreldwyd al meer as 2 000 kernwapentoetse uitgevoer, waarvan ongeveer 'n kwart in die atmosfeer plaasgevind het.

**Lees** meer »

GRATIS

MET ELKE AANLYN-AANKOPE




shop.clf.co.za

SLEGS GELDIG GEDURENDE AUGUSTUS VIR

VROUEMAAND

T&V's geld



NUWE SOSIALE KWESSIE PAMFLETTE EN PAMFLET VIR JONGMENSE

Beskikbaar in harde kopie of elektronies
Ook in Engels beskikbaar
E-pos: order@clf.co.za
https://clf.co.za/equip-communities/

CLF









NUWE PAMFLETREEKS OOR GEESTESGESONDHEID

Beskikbaar in harde kopie of elektronies.
Ook in Engels beskikbaar.
E-pos: order@clf.co.za
https://clf.co.za/equip-communities/

CLF




éf is weer op die r
WINTER 2025
Lééf
NÓU KOOP winkels ndwyd
Gekoester teen die koue
Sanger & nou skrywer KARLIEN VAN JAARSVELD oor haar nuwe boek, die Woord en onwrikbare geloof
OPTELGOED IS HOUGOED Die wonder van versamel
VIND JOU HART
DEUTERONOMIUM 33:27
"Die ewige God is 'n skuilplek, sy arms is altyd onde
»


mpie alleen - inneringe van 'n dinggesin
DERHOUD MET ENRAAD BRAND
lag 24 Augustus 2025
Morné Mundey
adio Helderberg
BOOMPIE ALLEE
Herinneringe van 'n Sendingge
3.6fm
»


Attention friends, let's
lour someone's Drea
this Omgie Day!
Courant
OFM
WWW.ENGO.CO.ZA | 060 548 5543
»


Koop jou kaartjie vandag
Projek van Hoop
n 'n kans om te wen RENAULT KWID CLIM
TER WAARDE VAN R222 000
KWID
novus media
»


Lente Genadefees
Ten bate van
CHOC
Engo
Datum: Vrydag, 12 September
Tyd: 19:00
Plek: Geloofsentrum, Universitas
Koste: R100
KUNSTENAARS:
Riaan Naude · Ella Kotze · Levert Solomons
Du Preez & Jana Stoltz · Jaco Bezuidenhout · Ilse Fourie
Unimus Orkes onder leiding van Anton Esterhuyse
Met geskunstenaar: Jannie Moolman
Kaartjies beskikbaar op Quicket
ROSESTAD 100.6 FM
TROTSE MEDIA BORG
»


de Olivia & ENGO dagboe
en R299
en R399
Engo
STEL JOU EIE VANDAG BY WWW.ENGO.CO
»


NOU BESKIKBAAR!
DIE OORSPRONKLIKE
1933-vertaling
IS TERUG!
DIE BYBEL
100 JAAR
Die Bybel wat geskiedenis gemaak het, is nou weer beskikbaar. Vier jou taal en jou geloof met hierdie tydlose skat.
Vir meer inligting, stuur e-pos aan sales@biblesociety.co.za.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika
»


BYBEL-MAAND Uitverkoping
1 TOT 29 AUGUSTUS 2025
SPAAR T
55%
www.bibleshop.co.za
»


Afrikaans
30%
2020-VERTALING
DIE BYBEL
R419*
AANLYN EKSKLUSIEWE AANBOD
Volledige Bybel, medium-grootte, luukse bruin verwe leeromslag, goud-op-snee, duimindeks en kaarte.
www.bibleshop.co.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika
»

# DIE TOEKOMS VAN VERLEDE

*Watter invloed het die ontwikkeling van tegnologie op die bewaringsmetodes van Argiewe en hoe moet ons by hierdie tendense aanpas om steeds relevant te bly?*

ATA KONFERENSIE

**09** | **September** 2025 | **09:30** vir **10:00**

**R350** p/p

**Sluit verversings, middagete en 'n begeleide toer deur die museum in**


**Oorlogsmuseum** | Monumentweg 25, Generaal De Wet, Bloemfontein

Navrae | **BESPREKINGS voor 2 September 2025**

**Tertius** Botha | **tbotha@ngkvs.co.za** | **051 406 6700**

NG Kerk Vrystaat

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## HERMENEUTIEK IN DIE 21STE EEU

26 Augustus

2 VBO-punte

Aanlyn ZOOM
Dr Nina Müller van Velden

Lees meer +
**Navrae** +




## (MET) JOB IN GESPREK (MET) ...

10 September

10 VBO-punte

R250 p/p, 09:00
BHM-Panorama
Dr At Lamprecht

Lees meer +
**Registreer** +




## 'N UITNODIGING TOT STILTE IN PHILIPPOLIS

21–26 September

15 VBO-punte

Tarief p/p op versoek
Stilte-retraite
Philippolis

Lees meer +
**Registreer** +




## "DINK JOUSELF GELUKKIG"-AANBIEDING

30 Sept & 1 Okt

25 VBO-punte

Kopano Nokeng
Dr Pieter van Jaarsveld (Outeur)

Lees meer +
**Registreer** +

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## GODSDIENS AS VERWONDING IPV HELING

16 September

5 VBO-punte

R275 p/p, 09:00
Aanlyn Zoom
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## LENTE-KONFERENSIE 2025

16–18 September

30 VBO-punte

R1 600 p/p
Universiteitsoord, Pretoria

Lees meer +
**Registreer** +




## SPONTANE GETUIENIS - EVANGELISASIE

25 September

10 VBO-punte

GRATIS, 08:30
Aanlyn Webinaar
Dr Frikkie Coetzee

Lees meer +
**Registreer** +



## PATOS ONTMOETING MET HEILIGES

9 Oktober

Theresa van Ávila

13:00 - 14:00
Aanlyn Teams
Dr Lisel Joubert

Lees meer +
**Registreer** +

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



### Jan Lubbe | Uit my Kerkdagboek: Die 78 km van Golgota en Getsemane na Gasa

*21 Augustus 2025*
*Kerkbode, Rubrieke*
*Jan Lubbe*



### Vinnige feite | Die NG Kerk en plaaslike asook internasionale nood

*21 Augustus 2025*
*Kerkbode*
*Verklarings*



### Brief | Oor hulp in Gasa: 'Die Bybel leer dat ons goed moet doen aan almal, maar eers aan die huisgenote van die geloof'

*21 Augustus 2025*
*Kerkbode*
*Briewe*



### Leonard Cohen as moderne psalmis verken en gevier

*20 Augustus 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Francois Mulder*



### Johan van der Merwe | Nicea 325: Meer as net 'n belydenis

*20 Augustus 2025*
*Kerkbode, Dinkstof*
*Johan Van der Merwe*



### Elders gesien | NG Kerk gereed om skenking aan slagoffers in Gasa te maak

*14 Augustus 2025*
*Kerkbode*
*Nuus*

Google Play  kerkbode.christians.co.za  App Store

Bybel-Media

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*




R250

## Eendag is te ver

Te veel jongmense glo die leuen dat jy eers klaar moet wees met skool en 'n graad moet hê voor jy 'n verskil kan maak. Neem nou deel aan Jesus se rewolusie van hoop. Dis nou die tyd om al die groot vrae te vra, belangrike geloofsgewoontes aan te leer, die misterie van God se teenwoordigheid op nuwe plekke raak te sien en jou eie roeping te ontdek. Jesus het nie vir kinders gesê word groot nie, Hy het vir grootmense gesê word klein. Nou is dit jou beurt. Eendag is te ver.

## Bestem tot Geestelike Groei

R140




Elke mens is bestem om geestelik te groei. Dirkie van der Spuy stip in hierdie boek die pad uit na geestelike volwassenheid. Hy beskryf die mylpale op hierdie pad in eenvoudige, maar lewensveranderende taal, en wys onder meer op die belangrikheid van geestelike wedergeboorte, vervulling met die Heilige Gees, God se Woord, getuienis, gehoorsaamheid, diensbaarheid en innerlike genesing. Hierdie boek lei jou op 'n pad van geestelike groei en help jou om jou Vader al hoe beter te leer ken, Jesus se nabyheid elke oomblik te ervaar, die stem van die Heilige Gees elke dag te hoor en deel te hê aan meer van die hemelse seëninge wat God vir sy kinders hier op aarde bestem het. God wil nie hê dat ons selftevrede moet raak en geestelik tot stilstand kom of stagneer nie. Elke hoofstuk word gevolg deur vrae vir individuele oordenking of groepbespreking. Ontdek die waarhede wat jou sal lei op 'n groeipad na 'n dieper verhouding met God. Ontdek die volheid van die vervulling, geestelike rykdom en roeping wat God vir jou bestem het.

## Die Heel Beste Jy




R180

Ontsluit die hart van Spreuke 4:23 deur werklik gesond te wees – na liggaam, siel en gees! *Die Heel Beste JY!* bied 'n unieke perspektief wat jou wys hoe om dit te doen: Die belangrikheid daarvan om jou liggaam gesond te hou deur die regte voeding en oefening word in deel 1 aangeroer deur die dieetkundige, dr Esther van der Spuy. Ons emosies en gebeure uit die verlede kan 'n invloed op ons hede hê. In deel 2 wys dr Dalena Vogel, sielkundige, hoe ons elkeen gesonde emosies kan kweek en só verseker dat gister se bagasie nie jou hede negatief beïnvloed nie. 'n Gesonde geestelike lewe waar God die heel belangrikste prioriteit in jou lewe is, vorm die laaste boublok. Ds Dirkie van der Spuy fokus in die laaste deel op hierdie belangrike saak.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

### VAKATURES

### AMPTELIK

kerkbode

AMPTELIKE NUUS

**Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za**




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Die tydlose krag en sagtheid van ’n vrou

**ALGEMEEN**
Vryskutjoernalis en kopieskrywer
*Maryna van Wyk*



***Foto:** Maryna van Wyk (verskaf)*

*“Vroue is sinoniem met skoonheid en versprei ’n aangename geur.”*

Vroue is sinoniem met skoonheid en versprei ’n aangename geur. Dit staan ook so in die Bybel dat waar daar vroue is, is liefde en diensbaarheid teenwoordig.

My moeder was so diensbaar vir my tot op die ouderdom van 83 jaar. Daar was altyd ’n beker rooibostee langs my bed wanneer ek soggens moes opstaan. Vanaand ná werk was daar iets heerliks om te eet. ’n Gewone iets het sy in ’n spesiale gereg omgetower.

Toe my pa nog gelewe het in die sewentigerjare, was die tafel gedek en het ons kinders in afwagting gesit en wonder watter gereg ma nou weer op die eetkamertafel gaan neersit.

Een keer het ons kopgekrap met die hoender wat nie soos ’n hoender gelyk het nie. Ons moes raai wat dit is. Dit was toe al die tyd ’n haas wat my ma by die supermark gekoop het en ja, dit het heerlik gesmaak. Al was ons maar langtand aan die begin.

Ons is so geneig om ma’s met lekker kos te assosieer. Net **my** ma kon kaaskoek maak of ’n Swartwoudkoek bak. Net Ma kon Pilchards-viskoekies gemaak het asook tuisgebakte brood. Sy het altyd iets van amper niks gemaak en dit was lekker, al die oorskietgroente het groentekoekies geword.

My ma was egter soveel meer as net lekker kos. Sy sou nooit die huis verlaat sonder dat jy haar deur ’n ring kon trek nie. Sy was ’n trooster, taxi-ryer vir my en my broer en soms net ’n grapjas. Ek wonder soms hoe sy vandag sou wees, want verandering het soos ’n reuse-golf die afgelope vyftien jaar oor ons losgebars.

Vyftig jaar gelede het ons wêreld anders gelyk sonder rekenaars, Netflix, DStv en selfone. Om nie eers te praat van al die moontlike beroepe wat vroue nou kan beoefen nie.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

NG KERK VRYSTAAT | © 2025

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING